KONSERVATORIUM 1905 – 2005:
drie oud-direkteure dink terug...

Met 'n baie suksesvolle musiekeeu agter die rug, is dit vir die US Konservatorium belangrik om dít wat bereik is, met respek en waardering te erken. Drie oud-direkteure van die Konservatorium wat nog leef, proff George van der Spuy (1952 – 1960), Richard Behrens (1961 – 1988) en Reino Ottermann (1988 – 1998) is tydens die Eeufeeskonsert in Mei vanjaar vereer met die Parnassus-toekenning vir die uitsonderlike bydraes wat hulle gelewer het tot musiekonderrig aan die Universiteit Stellenbosch. Hierdie toekenning is die hoogste eer wat die Departement Musiek aan 'n persoon kan betoon. Hierdie drie oud-direkteure koester elkeen steeds besondere herinneringe aan hulle onderskeie termyne.



George Zondagh van der Spuy

was een van die eerste studente wat BMus (1947) en later ook die eerste wat MMus (1952) aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het. As uitvoerende kunstenaar het hy as kunslied- en oratoriumsanger wye bekendheid verwerf. Sy doseerverbintenis met die US dateer reeds uit 1945, en hy volg Maria Fismer as vierde direkteur van die Konservatorium op van 1952 tot 1960.

"Met die uittrede van prof Fismer en my bevordering tot hoof, het ek besef dat 'n reuse taak op my wag. Ek moes dadelik by die diep kant inspring. Daar was senior klavier-, orrel- en sangkandidate wat voorberei moes word vir die eindeksamens. Die toenmalige Rektor het baie duidelik beveel dat die bou van die nuwe Konservatorium teen die einde van die jaar voltooi moes wees. Dit was buite my bereik, en ek het die opdrag aan Richard Behrens (senior lektor) oorgelaat. Hy was uiters bekwaam vir die taak."

"In ligter luim onthou ek my studiejare by die Ou Konservatorium: alle Konservatoriumstudente moes 'n maand voor die akademiese jaar se aanvang, aanmeld vir studie. Ons het gou uitgevind dat 'n Saterdag 'n volle werksdag was, en niemand mag op straat gesien wees nie. Selfs met Juniordag of met enige aanskoulike optog deur die dorp, het die wat belangstel ingeryg gelê in die breë sloot voor die Ou Konservatorium (indien die sloot droog was!)"

Richard Hermann Behrens

het sy musiekstudies aan Universiteit Stellenbosch en die *Staatliche Hochschule für Musik* in Frankfurt am Main, Duitsland voltooi. Hy was verbonde aan die Musiekdepartement van die Universiteit vanaf 1948 tot 1988, waarvan die laaste 27 jaar (1961–1988) as Departementshoof en Direkteur van die Konservatorium.

"Toe ek in 1961 tot direkteur van die Konservatorium benoem is, was my groot doelstelling om 'n nuwe volwaardige gebou vir die oudste Konservatorium van ons land te verkry. Ek het wel van die ou gebou gehou en respek gehad vir sy stigters – ek het Endler nog persoonlik geken – maar dit was hoegenaamd nie groot genoeg en behoorlik toegerus vir ons destydse behoeftes nie. Benewens die ou Konservatoriumgebou en 'n trein van oefenkamers daaragter, is die ou woonhuise as annekse gebruik. Dit het 'n nadelige uitwerking op ons aktiwiteite en onderlinge samewerking gehad."

"Ek het my studieverlof gebruik om agt nuwe Konservatoriumgeboue in vier Europese lande te besoek. In alle gevalle het ek die bouplanne aangevra en met die argitekte samesprekings gevoer. Op hierdie wyse het ek my deeglik vir die bou-projek voorberei. My voorstel dat mnr Gilbert Colyn as argitek aangestel word, is toegestaan en ons kon in alle erns met die beplanning begin. Ek het vertroue in mnr Colyn gehad omdat hy vir sy meestersgraad aan die Universiteit van Kaapstad 'n ontwerp van 'n Konservatorium ingehandig het en vir hierdie projek intensiewe samesprekings met my gevoer het."

"Ek is nog steeds gelukkig en dankbaar dat ons so 'n uitstekende gebou vir musiekopleiding en -beoefening op Stellenbosch het. Die tien jaar wat ek as direkteur in hierdie gebou werksaam kon wees, het my groot vreugde en satisfaksie gegee. Ek het met talle direkteure van soortgelyke inrigtings in Europa kontak behou. Die direkteur van een van hierdie konservatoriums in Duitsland het spesiaal na Stellenbosch gekom om te sien hoe ons gebou lyk. Tydens die besigtiging van die Endlersaal het hy intensief na alle aspekte gekyk en vrae gevra. Toe ons klaar was, sê hy: "*Ek wens u geluk met een van die beste en mooiste musiekgeboue in die wêreld! Ek ken alle nuwe musiekgeboue in Europa en ook die meeste in die nuwe wêreld. Onder almal van hulle is daar nie een waarin die estetiese en funksionele fasette so volmaak is, soos in hierdie gebou nie.*"

Reino Ottermann

het na sy verwerwing van die grade BA en BMus aan die Universiteit Stellenbosch met behulp van 'n DAAD-stipendium aan die *Staatliche Hochschule für Musik* in Frankfurt am Main, Duitsland, gestudeer en etlike professionele lisensiaat-eksamens (klavier, orrel en teorie) afgelê. Sy verbintenis met die Konservatorium het in 1961 gelei tot 'n vaste aanstelling as orreldosent en sy direkteurskap van die Konservatorium van 1988 tot 1998.

"Toe ek in 1987 redelik onverhoeds die mededeling ontvang

vervolg op bl 23

Die Parnassus toekenning is tydens die Eeufeeskonsert op 21 Mei vanjaar oorhandig deur prof Hans Roosenschoon, Direkteur: Konservatorium en prof Hennie Kotzé, dekaan: Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan drie oud-direkteure van die Konservatorium wat nog leef. Op die foto wat tydens die glansgeleentheid geneem is, verskyn vlnr Proff Hans Roosenschoon, George van der Spuy (1952 - 1960), Reino Ottermann (1988 - 1998), Richard Behrens (1961 - 1988) en Hennie Kotzé.

het dat ek met ingang April 1988 Direkteur van die Konservatorium en Voorsitter van die Departement Musiek sou wees, het ek aanvanklik nogal langtand aan die besigheid begin peusel. Aan my voorganger, prof Behrens, het ek gesê dat ek veel liewer met hom aan die stuur my volle tyd sal wil bestee aan my werk as musiekwetenskaplike en dosent. Maar 1 April 1988 het aangebreek en ek het in 'n silwerskoon kantoor ingestap met slegs 'n baie vriendelike briefie met goeie wense van prof Behrens op die skryftafel."

Prof Ottermann se belangstelling in die Musiekwetenskap was 'n belangrike faset tydens sy direkteurskap en hy het daadwerklik daarna gestreef om die vakgebied in Suid-Afrika op tersiêre vlak te help vestig.

"Die musiekbiblioteek was jarelank my spesiale baba. Ek was dankbaar daarvoor dat ek met 'n skenking van die Molteno-Stigting twee groot vertrekke agter die Jannaschsaal se podiumvlak wat met toilette en storte toegerus was (waarskynlik met die oog op skoolmusiek- of dansaktiwiteite), maar wat nooit gebruik is nie, as groot en broodnodige pakkamers vir die musiekbiblioteek kon laat inrig. Voordat die eerste boeke daarin gebêre is, het ek darem eers gaan seker maak of alle krane en ander moontlikhede van watertoevoer behoorlik afgesluit en verseël was!"

"Naas die vriendelike en dikwels hartlike menslike verhoudinge wat my as mens verryk en my werk in die Konservatorium deurgaans vergemaklik het, was dit veral 'n voorreg om mense in die Stellenbosse samelewing te mag ken wat die belange van die Konservatorium op die hart gedra het. Een van hierdie mense was mev Huberte Rupert. Sy het, deur die Rupert Musiekstigting, ons gehelp om ordentlike en doelmatige orkesstoele vir die Endlerverhoog te kry, sy het gehelp met die uitbreiding van ons eie instrumentarium vir die simfonie-orkes en ons in staat gestel om 'n harp aan te koop toe dit broodnodig geword het om so 'n peperduur instrument aan te skaf. Die lys sou voortgesit kon word. Dit alles is deurentyd begelei deur haar intense persoonlike belangstelling en welwillendheid. (Sy wou nooit hê dat hierdie dinge aan die groot klok gehang word nie!)"

"As al my ander tydgebonde en verganklike bydraes tot die Konservatorium eendag deur die Suidoos weggewaai is, sal een hopelik nog bly staan. Dis die naam van die "Neethlingstraat-Ingang" wat ek van die begin af kortweg "Die Poort" genoem het, omdat een van die assistente wat dikwels daar diens gedoen het, se naam Michael was: die aartsengel by die Poort! ..."

Die US Konservatorium se Eeufeesboek onder redaksie van prof Izak Grové, bevat die geskiedenis van die afgelope 100 jaar. Die boek is beskikbaar by Helette van der Westhuizen, tel (021) 808 2343 of e-pos hvdwest@sun.ac.za.
Die prys is R200 (BTW ingesluit).

m

Ranglysposisies en akkreditering bevestig gehalte by USB

Amanda **Matthee**

Prof Eon Smit

Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) het vanjaar die eerste plek op die *Professional Management Review* (PMR) se 2005-ranglys en tweede plek op die *Financial Mail* se 2005-ranglys van top bestuurskole in Suid-Afrika behaal.

"Die erkenning wat die USB deur sy stewige posisies op Suid-Afrikaanse ranglyste kry bevestig die gehalte, bruikbaarheid en tersaaklikheid van ons MBA-program, want hierdie opnames is respektiewelik onder lynbestuurders en menslikehulpbron-bestuurders, en werkgewers en gegradueerdes gedoen," sê prof Eon Smit, direkteur van die USB.

Die USB het vanjaar vir die eerste maal tweede in die *Financial Mail* se opname gekom. Die ander top bestuurskole is Wits, Kaapstad, GIBS (Gordon Institute of Business Science), Pretoria en Unisa.

"Op die *PMR*-ranglys het die USB se klem op internasionale akkreditering en samewerking, noue skakeling met die sakegemeenskap, fokus op entrepreneurskap en die formulering en implementering van strategie die deurslag gegee," sê Smit.

"In die *Financial Mail*-opname het die USB veral uitstekend gevaar wat die gehalte van sy programme en navorsing betref," sê Smit.

Volgens die *Financial Mail* is die aanvraag na MBA-gegradueerdes aan die toeneem danksy Suid-Afrika se ekonomiese groei, die uitbreiding van maatskappye, die skep van nuwe ondernemings en die behoefte aan beter bestuurskundigheid. Dit is waarom skole vandag vakke soos etiek, korporatiewe bestuur, entrepreneurskap en leierskap by hul kursusse inwerk. Die *Financial Mail* sê ook die gaping tussen die top bestuurskole is nouer as ooit. Die Raad op Hoër Onderwys se streng akkreditasiedissiplines is deels hiervoor verantwoordelik. Die USB plaas die tersaaklikheid van sy MBA hoog op sy prioriteitslys. "Dit is vir ons belangrik dat ons studente oor teoretiese sowel as praktiese bestuurskennis beskik wat hulle in enige bedryf en enige land kan benut – in Suid-Afrika, Afrika én die internasionale sakegemeenskap.

Die USB het onlangs twee suksesvolle sakelui aangestel wat in hul middel-vyftigs afgetree het. Hulle bring jare se hoëvlak-sakevernuf na die Bestuurskool. Ons nooi ook gereeld sakelui uit om by ons lesings of seminare aan te bied."

Die *Financial Mail*-opname is deur Markinor uitgevoer. Net 12 van die 17 geakkrediteerde bestuurskole in Suid-Afrika verskyn op die ranglys omdat sommige van die skole nog nie aan Markinor se minimum standaarde voldoen nie. Die opname is onder 1 100 gegradueerdes en meer as 300 werknemers gedoen. MBA-gegradueerdes is onder meer uitgevra oor hul salarisverhogings ná die voltooiing van hul MBA-graad, die behaling van loopbaandoelwitte, kurrikulumgehalte en die fasiliteite van die bestuurskool waar hulle gestudeer het.

Die opname het ook na feitelike inligting oor bestuurskole gekyk. Dit sluit die aantal doktorsgrade, internasionale dosente, voltydse akademici, swart en vroue-dosente, besigheidservaring van MBA-studente en navorsingsuitsette in.

Die USB MBA het dubbele internasionale akkreditasie van die European Foundation for Management Development (EQUIS) en die Association of MBAs (AMBA). Daarby is die USB een van die ses oorspronklike bestuurskole wat volle akkreditasie van die Raad op Hoër Onderwys ontvang het.

"Dit is ook belangrik om te weet wat die verskil tussen ranglysposisies en akkreditering is. Ranglysopnames is op persepsies van die mark gegrond terwyl plaaslike en internasionale akkreditering op streng ouditprosesse gegrond is. Albei evalueringsprosesse het bevind dat die USB aan die hoogste gehaltevereistes vir bestuursopvoeding voldoen," sê Smit.

m